RIBOX

# Hoe om van 'n interieure ruimte 'n foto te neem:

1. Maak die vertrek skoon en netjies sodat die meeste elemente gesien kan word.

2. Gebruik natuurlike beligting waar moontlik:
Sit asb jou kamera se "flash" af asook al die ligte van die vertrek. Verkeerde beligting kan ongewensde skaduwees maak. Maak alle gordyne of blinders oop sodat daar lig van buite kan inkom. Die beste binnenshuise foto's word geneem as dit bewolk is omdat die lig van buite dan konstant is.

3. Hou lyne reguit.
Hou vertikale lyne van 'n vertrek vertikaal en horisontale lyne horisontaal. Ons brein weet 'n deur is 'n vertikale lyn, maar die kamera se lens weet dit nie. Daarom moet die horisontale elemente, soos bv. tafel, plafon, vloer ens. horisonaal reguit wees. En dieselfde geld vir vertikale elemente in 'n vertrek.

4. Behou jou lyn:
Hou jou kamera deurgaans op dieselfde hoogte bv. Hou bors- of ooghoogte met die neem van alle foto's. Dit skep 'n meer gebalanseerde oorsig van die vertrek wat verseker ons verstaan die vertrek reg. Probeer om die plafon sowel as die vloer in die foto's te kry.

5. Neem van elke muur van die vertrek 'n vol foto. Moet nie die muur met 'n hoek afneem nie, neem eerder die foto reg van voor af. Neem laastens 'n foto van die hele vertrek. Die foto kan met 'n hoek geneem word.

